Provinsie van die
OOS-KAAP
ONDERWYS

Steve Vukile Tshwete Onderwyskompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUMBESTUUR

GRAAD 12 LEERDER ONDERSTEUNINGSPROGRAM

HERSIENING EN REMEDIËRENDE ONDERRIG INSTRUMENT: ADDENDUM

VAK: GESKIEDENIS – EERSTE VRAESTEL

Junie 2009

Hierdie dokument bestaan uit 13 bladsye.

Streng gesproke nie vir toets/eksamen doeleindes nie.

VRAAG 1: HOE HET DIE SPANNING VAN DIE KOUE OORLOG IN DUITSLAND TOT UITING GEKOM NÁ DIE OORLOG?

BRON 1A

'n Kaart aangepas uit *Essential Modern World History*, toon die Duitse besettingssektore aan. By Jalta het die Geallieerdes besluit om Duitsland in besettingsone te verdeel.



Govender SP et al, *Geskiedenis vir 'n Nuwe Geslag*, bls.26

VERTALING:
British Zone=Britse sone
Soviet Zone=Sowjet sone
German Federal Republic=Duitse Federale Republiek
German Democratic Republic=Duitse Demokratiese Republiek
French Zone=Franse sone
American Zone=Amerikaanse sone
Under Polish rule=Onder Poolse bewind

BRON 1B

Die Berlynse Lugbrug was een van die opsies wat die Westers moondhede ingestel het in reaksie tot die Berlynse Blokkade.
Die historikus Jack Watson het in 1984 dit soos volg geskryf:

> Die Berlynse lugbrug was 'n aansienlike prestasie, maar nie een van die partye het enigiets by die konfrontasie gebaat nie. Die USSR het nie beheer oor Berlyn verwerf nie. Die Weste het geen waarborg gehad dat oorland-kommunikasieverbindings nie weer afgesny sou word nie. Bowenal het die botsings albei kante slegs meer hardkoppig gemaak.

Walsh B, *Modern World History*, 2nd ed, John Murray, 2001

BRON 1C

'n Duitse kind se tekening van die Berlynse Lugbrug.
Die opskrif lees soos volg: "Ons bedank die vlieëniers vir hul werk en poging."

BRON: ***In Search of History bls*****. 13**

BRON 1D

Die bou van die Berlynse Muur het plaasgevind onder die waaksame oë van die Oos-Duitse soldate. Duisende het oorgeloop van die Ooste na die Weste, maar sommige is ook vermoor, terwyl hulle probeer ontsnap het.

Bron: ***In Search of History bls*.342**

VRAAG 2: WAT WAS DIE FAKTORE WAT GELEI HET TOT DIE ONAFHANKLIKHEID VAN AFRIKA STATE IN DIE 1960s EN 1970's?

BRON 2A

Die spotprenttekenaar David Low se siening omtrent Nkrumah se visie vir 'n 'Verenigde State van Afrika'.
Die spotprent toon aan dat een land belangstel om te verander, terwyl die ander een dood gelukkig is om dieselfde te bly.



(Hierdie spotprent was in *The Guardian*, van 9 Maart 1960 gepubliseer)
[Internet source: http:opal.kent.ac.uk, accessed 15/05/06]

BRON 2B

In nog ’n beroemde toespraak in 1961, het Nkrumah die volgende te sê:

Dit is duidelik dat ons ’n Afrika oplossing vir ons probleme sou moes vind en dit kon slegs deur Afrika eenheid gedoen word. Verdeeld is ons swak, ’n verenigde Afrika kan een van die grootste magte word wat goed vir die wêreld kan wees …

Nooit tevore het mense binne hul mag so ’n geleentheid gehad om ’n kontinent wat soveel welvaart het, te ontwikkel nie. Individueel kon die onafhanklike Afrika state, sommige wat potensieel ryk, andere arm, niks vir hulle mense doen nie. Gesamentlik, deur wedersydse bystand kon hulle baie bereik.

Maar die ekonomiese ontwikkeling van die kontinent moet beplan word en as ’n geheel toegepas word. ’n Losse federasie ontwerp vir slegs ekonomiese samewerking sou nie die nodige eenheid voorsien nie. Slegs ’n sterk politieke unie kon effektiewe ontwikkeling van die natuurlike hulpbronne tot voordeel van ons mense bring.

Die grootste bydra wat Afrika tot wêreld vrede kan bring is om die gevare van verdeeldheid te vermy, deur ’n politieke eenheid te skep wat deur sy sukses ’n voorbeeld sou wees vir ’n verdeelde wêreld. ’n Unie van Afrika state sou meer effektief die Afrika persoonlikheid projekteer. Dit sou respek van die wêreld afdwing, wat slegs omgee vir grootte en invloed.

Ons moet bewys dat grootheid nie gemeet kan word in die hope atoombomme nie. Ek glo sterk en eerlik met diepgewortelde wysheid en waardigheid dat ingebore respek vir mense lewe, die intense menslikheid wat ons erfenis is, die Afrika ras, verenig onder een federale regering, na vore sal kom, nie net as nog ’n wêreldblok wat sy welvaart en sterkte rondgooi nie, maar as ’n supermoondheid, wie se grootheid onbreekbaar is, want dit is nie gebou op vrees, jaloesie en agterdog nie, ook nie verkry ten koste van ander nie, maar is gestig op hoop, vertroue, vriendskap en gerig op die goedheid vir die mensdom.

Bron: ***Viva History,*** **bls.74**

BRON 2C

"*Die Uitvee*!" 'n Sowjet spotprenttekenaar se interpretasie van die dekolonisasie proses in Afrika.

Bron: *Looking into the Past*, bls. 69

BRON 2D

Hierdie bron toon 'n vergelyking tussen die swart werkers en die Europese werkersklas.

Afrikane het gedurende die oorlog saam met 'n wye verskeidenheid Europeërs uit die werkersklas gewerk, geveg en gevind dat daar baie ooreenkomste tussen hulle is. Hulle het in die naam van vryheid en demokrasie teen Europeërs geveg en hulle gedood. Hulle het armoede in Europa en wreedheid in oorlogvoering gesien. Afrikane, met hul omvang en vlak van ervaring, sou nooit as 'n ondergeskikte en onderdanige koloniale arbeidsmag na hul vaderland terugkeer nie.

Bron: Kevin Shillington, *History of Africa*, St Martin's Press, 1995

VRAAG 3: WATTER VORM HET DIE STRYD VIR RASSE-GELYKHEID IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) IN DIE 1960's AANGENEEM?

BRON 3A

Hierdie is 'n foto van die Little Rock Nege. President Eisenhower het 'n 1 000 federale troepe uitgestuur teen die goewerneur van Arkansas, wat die Nasionale Wag gebruik het om studente te verhoed om hul plek by Little Rock sekondêre skool in te neem. Die NAACP het die studente se integrasie georganiseer.

Bron: *Making History Grade* 12 by H. Claire et al. bls.98

BRON 3B

Hierdie plakkaat het Afro-Amerikaners aangemoedig om te registreer om te stem.

Bron: ***In Search of History Grade 12*** **by J. Bottaro et al. bls.121**

BRON 3C

James Farmer, die direkteur van CORE, het die motivering vir die Vryheidsritte soos volg verduidelik.

> Ons het die Vryheidsrit beplan met die uitdruklike doel om 'n krisis te veroorsaak. Ons het daarop gereken dat die skynheiliges in die Suide ons werk vir ons sou doen. Ons het gemeen dat as ons 'n situasie sou skep wat oral ter wêreld voorbladnuus sou wees en die land se beeld in die buitewêreld sou benadeel, die regering daarop sou moes reageer.

Bron: ***Verken die Verlede, Graad 12*****, M. Friedman et al. bls.131**

BRON 3D

Hierdie is ’n uittreksel uit ’n toespraak wat aan die begin van die Montgomery busboikot deur Martin Luther King gemaak is.

Ons ken vernedering, ons ken skeltaal, ons is in die afgrond van verdrukking ingegooi. En ons het besluit om in opstand te kom met slegs die wapen van protes. Een van die grootste oorwinnings van Amerika waarop ons trots kan wees, is dat ons die reg tot protes het.

Al word ons elke dag gearresteer, al word ons elke dag uitgebuit, al word daar elke dag op ons getrap, moenie dat enigiemand jou so laag laat daal dat jy hom haat nie. Ons moet die wapen van liefde gebruik. Ons moet deernis en begrip hê vir dié wat ons haat. Ons moet verstaan dat so baie mense geleer word om ons te haat dat hulle nie heeltemal verantwoordelik is vir hulle haat nie. Maar in hierdie lewe staan ons by middernag, ons is altyd aan die begin van ’n nuwe môre.

Bron: *Nuwe Generasie Geskiedenis*, Graad 12 Suren Govender, bls.130

VRAAG 4: WATTER BYDRAE HET DIE SWARTBEWUSSYN BEWEGING GEMAAK IN DIE VRYHEIDSTRYD IN DIE 1970's?

BRON 4A

Die Swartbewussyn Beweging in Suid-Afrika het ontstaan uit die studente organisasie naamlik, die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS). Een van die swart studente leiers, Steve Biko het geargumenteer dat NUSAS 'n organisasie was wat gedomineer was deur liberale blankes en dat blankes nie werklik kon veg vir die bevryding van swartes nie.

Biko het die filosofie van Swart Bewustheid ontwikkel waardeur hy swart mense aangemoedig het om hulself van die kettings van onderdrukking te bevry en alle mense van kleur (Swart mense, Kleurlinge en Indiërs) aangespoor het om vir bevryding te werk.

Hy het Suid-Afrikaners aangemoedig om die verantwoordelikheid vir hul eie stryd te aanvaar en nie op wit liberaliste staat te maak nie.

BIKO

Biko het gesê dat swart mense dit sou kon doen as hulle selfvertroue in hul vermoëns ontwikkel. Biko het erken dat 300 jaar van verdrukking, swart mense sielkundig benadeel het en daartoe gelei het dat hulle 'n minderwaardigheidskompleks ontwikkel het. Hy het geglo dat daar 'n behoefte is aan 'n sterk opbou van swart bewustheid op voetsoolvlak sodat swart mense kan leer om hulself te laat geld en hul regmatige deel kan opeis.'

Bron: *Verken die Verlede*, bls.152

BRON 4B

Die Swart Bewussyn Beweging het 'n politieke definisie van swart gebruik – dit het ingesluit Indiërs en Kleurlinge, as swart. Dit het geargumenteer dat alle mense wat onderdruk was deur rassediskriminasie moes verenig om die apartheidstelsel omvêr te werp.

Die simbool van die Swart Bewussyn Beweging

Bron: ***Understanding Apartheid: A supplement for teachers and learners,*** **Issue 4, September 2004**

BRON 4C

"DIE UITDRYF VAN DIE BOSE GEES VAN SELF- HAAT"
'n Toespraak gelewer deur Aartsbiskop Desmond Tutu oor Steve Biko: 21 jaar later: 'n Spesiale uitgawe in die *Sunday Times*, deur die Steve Biko Foundation, September, 2001.

Ek het Nigerië in 1972 vir die eerste keer besoek. My hart was gevul met trots toe ons opgestyg het op 'n binnelandse vlug van die Nigeriese Lugdiens. Ek het met 'n paar duim gegroei want die vlieëniers was swart soos ek. Ek was nog nooit in my lewe op 'n vliegtuig wat deur swart vlieëniers bestuur was nie.

Ek het tot op daardie oomblik nie besef hoe gekondisioneerd ek was nie, hoe ek gebreinspoel was, onbekend aan my het ek die witman se definisie van my, my eie gemaak.

God het Steve Biko grootgemaak, om ons te help om die bose gees van self-haat uit ons gees te verdryf. Steve het dit gedoen deur middel van swart bewussyn wat absoluut onmisbaar was in die stryd vir vryheid en gelykheid. Ons vryheid sou nie plaasgevind het nie, indien ons nie ontslae geraak het van ons slagofferskap, ons selfhaat, ons rondgegooi word as voorwerpe nie. Tensy ons aanvaar dat ons die onderdane was, en nou die meesters en meesteresse van ons eie toekoms beheer neem van one eie lewe, trots loop en nie 'apologeties' wees asof God 'n fout gemaak het, om ons swart te skape nie, want swart is mooi. Wit is ook mooi maar nie as die enigste besetter van die arena nie. Swart bewussyn was nie anti-wit omdat dit pro-swart was nie.

Bron: *Sunday Times*, September 2002

ERKENNING

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is kom uit die volgende publikasies:

Bottaro, J et al. 2007. *In Search of History* (Oxford University Press)
Claire, H et al 2007. *Making History* (Heinemann)
Dlamini, N et al. 2007. *Shuter's History Grade 12* (Shuter & Shooter Publishers)
Dugmore, C et al. 2007 *Viva History* (Vivlia Publishers)
Friedman, M et al. 2007. *Looking into the Past* (Maskew Miller Longman)
Graves, F et al 2007 *Moments in History* (Juta Gariep)
Spencer, J et al. 2007. *New Africa History* (New Africa Books)
Biko Steve. *SASO Newsletter, We Blacks 'I write what I like'*, September 1970.
Basil Davidson. 1994. *Modern Africa*, Pearson.